KI-DEO NUUSBRIEF

10 years and growing stronger

Ons Kinders

Dit is nou amper 10jr gelede wat ons Ki-Deo se deure oopgemaak vir hierdie baie spesiale kinders. Kinders wat deur soveel verwerping, trauma, ens is. Wat 'n ongelooflike journey was dit nie van toe af tot nou toe nie. Tye wat ons absoluut in die geloof moes staan en moes vertrou, maar God was nog altyd getrou en het nog altyd voorsien en baie keer nog voor-dat ons gevra het!
Het ons gejourney met die kinders en besef dat hierdie kinders in die meeste gevalle niks kan onthou van hul kleintyd nie, kan meeste van hulle nie eens ont–hou hoe hul eie ouers lyk nie, maar sal hulle die seer van die tydperk onthou.
Is daar nie herinneringe van kleintyd of lekker vakansies nie, was daar niemand om vir hulle te kon vertel van mylpale bereik in hul lewens nie, waar hulle ge-bore is, oulike sê-goedjies of die "onthou-jy-nog's" van spesiale tye nie!

Ek onthou soveel goed van my kleintyd, grootword tyd, al ons lekker vakansies saam, lag oomblikke, wat ons baie kon doen, gesinstyd saam, spesiale oom-blikke waar ouers langs die atletiekveld of hokkieveld gestaan het, 100% onder-steuning van my ouers, en dit het ons kinders nooit gehad nie! Daar is soveel gate, soveel wat hulle eenvoudig net nie weet of kan onthou nie, goedjies wat vir ons almal belangrik is! Maar ook goedjies wat hulle eerder wil vergeet!

Ki-Deo is 'n gesin en hou ons daarvan om ons kinders te kan ondersteun in alles wat hulle doen, is dit baiekeer maar 'n gejaag van een punt na die volgende en moet jy jouself in soveel stukkies opdeel om by almal te kan uitkom, maar ons probeer. Dit is waarom ons hier by Ki-Deo graag vir ons kinders geleenthede gee, wil ons vir hul "memories" skep om vir altyd te kan onthou, die lekker en die mooi tye! Maar ook om vir hulle geleenthede te gee wat hulle andersins nooit sou gehad het nie!

Een van die kinders wat reeds uit die huis uit is, se boetie het my vertel hoe ver hy elke dag moes stap, net om water te kon kry, alles goedjies wat vir ons almal so vanselfsprekend is. 'n Kraan wat jy kan oopdraai vir water, 'n skakelaar wat jy kan aansit vir lig, krag om kos mee te maak, dit is van die basiese goedjies wat baie van ons kinders nie eens gehad het nie. Saam met dit moes hulle so vining groot-word, kon hulle nie altyd hul kindwees uitleef nie, want daar was te veel vrees in hul hartjies, die wegkruip en bang oom-blikke, die honger tye, die alleentye! Ek kan myself nie eens in so 'n situasie indink nie!
Maar ons kinders is wenners, hulle is so sterk en kon deur alles wat hul moes be-leef, aanhou baklei en aanhou leef, is hulle vandag almal presteerders en spog ek graag met hierdie hartkinders van my!

Aanvanklik wanneer hulle by ons geplaas word, skakel ons hulle in vir terapie en is dit wonderlik om dowwe ogies weer blink te kan sien word, lewe waar alles net dood was, hoe hulle gesond word en net weer normaal kind kan wees, al is dit dan nou in 'n kinderhuis!

Ek saluut vandag elkeen van hierdie won-derlike kinders en is ek super trots op hulle! Ons laerskool kinders het al 6 hierdie kwartaal 'n gemiddeld van oor die 70% gekry! Hierdie kinders werk so hard vir alles in die lewe en presteer almal so goed op verskillende gebiede! Ek is waar-lik gebless om hulle in my lewe en deel van my lewe te kan hê!

Kontakbesonderhede:

Tel: 012 644-2524
Sel: 083 696 8600
E-pos: theresag@ki-deo.co.za
www.ki-deo.co.za

GAAN LIKE ONS ASB OP FACEBOOK EN VERTEL JOU VRIENDE VAN ONS!

Belangrike Nommers:

NPO reg no.: 000-762
WO no.: 11 02 0059
PBO.: 18/11/13/1456

Ons is 'n geregistreerde organisasie en kan jou voorsien met die nodige artikel 18A sertifikaat indien nodig vir belasting-doeleindes!

Ons glo en vertrou vir 'n Bussie!

Faith is to believe what we do not see; and the reward of this faith is to see what we believe!

Indien enigeen finansieël wil bydrae, is ons bankbesonderhede soos volg:

ABSA: Rek no.: 10500 40654
Verw.: MSK-KH Toer
E-pos bewys na: theresag@ki-deo.co.za

Kruideniersware benodig:

Suiker
Koffie (Ricoffy)
Tee (Rooibos)
Pasta
Rys
Two-Minute-Noodles
Tamatie– en Uiesmoor
Tamatiepuree
Speserye
Sout en Peper
Geblikte ertjies
Baked Beans
Sweetcorn
Tuna
Bully Beef
Oats en Mieliepap
Kitspappe
Margarine
Peanut botter
Stroop
Bovril
Kaassmeer
Konfyt
Aanmaak koeldrank
Mayonnaise
All Gold Tamatiesous
Chutney
Sweet Chilli Sous
Skoonmaakprodukte:
Handy Andy
Domestos
Mr Min
Mr Muscle
Toilet Duck
Jeyes Bloo blokkies
Jeyes Fluid
Skottelgoedwasser seep
Swart sakke
Swart skoenpolitoer
Skuursponsies
Staalwol
Waslappies
Afdrooglappe
Eiers
Melk
Kaas
Weense Worsies
Sousboontjies
Beet
Vars groente of gevriesde groente
Kaas
Vrugte
Koekies en Lekkers

'n Groot dankie aan Meat@za wat ons maandeliks van vleis voorsien! Hulle stap al van die begin af 'n pad met ons en wat 'n ongelooflike voorreg!

Ons bederf vakansie!

Ons het altyd behoeftes en benodig hulp vir soveel dinge, soos enige ander "normale" familie, maar is ons net so 'n bietjie meer en finansiële uitdagings baie!

Deel van geleenthede skep en memories bou vir ons kinders, probeer ons om hulle eenkeer per jaar met 'n lekker vakansie te kan wegneem. Hierdie jaar se vakansie is 'n ongelooflike groot geloofsaak!

Tydens eksamentye waar ons kinders leer oor die geskiedenis van ons land en oor sekere area's, het die gedagte by my opgekom om ons kinders met 'n Opvoedkundige Toer te kan neem na die Kaap. Wat 'n ongelooflike voorreg sal dit nie wees om op Tafelberg te kan staan en die wye Kaap te kan bespied nie, die Taalmonument te kan sien, die Parlement, Kasteel, ens. Alles plekke wat ons graag ons kinders wil gaan wys sodat hulle kan sien hoe lyk die plekke waarvan hulle leer en natuurlik om, al is dit winter, die mooi van die Kaap te kan sien en te kan beleef. Lekker Kaapse vis en chips te eet!

Tafelberg het vir ons kaartjies gesponser, ons gaan bietjie Weskus toe en leer oor die boesmans, dit is ook gesponser, 'n bootrit in Hermanus, ook gesponser en dan is daar nog so 'n paar ander dinge wat ons gaan sien.



Ek moet bely, my geloof was maar klein in die begin want ek het geweet dat so 'n toer baie duur is en benodig ons ook dringend 'n bussie! Maar voordat ek nog behoorlik kon begin bemark, het die Here al begin voorsien en weet ek dat Hy ons ook wil bless met die lekker in die lewe en spesiaal vir hierdie hartkinders van my wat deur soveel dinge is. Gaan ons nou memories skep en 'n nuwe wêreld vir hulle oopmaak, dit wat hulle nog net van gehoor en van geleer het!

Ons vertrek 27 Junie en gaan dan eers Oudtshoorn toe vir 4 dae (reeds gesponser) en daarna gaan ons in Gordonsbaai bly in 'n huis wat ons vir R300 per dag kry! Op 11 Julie keer ons dan terug, dink net aan al die stories wat hulle sal kan vertel!

Die kinders is natuurlik vreeslik opgewonde hieroor en kan ons net die Here dank vir dit waarvoor Hy reeds voorsien het en nog gaan voorsien! Weet dat Jesus sy baie spesiale kinders will bless ook met die lekker van 'n vakansie! Bid en vertrou hulle saam en vertrou hulle onvoorwaardelik, soos net 'n kind kan!

Tukkies Studente:

Ons is baie trots op ons Tukkies studente en werk hulle regtig baie hard, maar het twee van die drie ongelukkig nie die beurs waarvoor hul aansoek gedoen het, gekry nie. Monique en Fransisca moes ook uit die koshuis trek a.g.v. finansies. Monique is nou terug by Ki-Deo en Fransisca (het 'n beurs, slegs boeke en studies) en bly in ons Pretoria-Noord se skoolverlaters huis. Die twee wat nie die beurse gekry het nie, is Bernadette en Monique.
Indien enigiemand dalk van tyd tot tyd voel om hulle finansieël te kan ondersteun, sal dit so waardeer word. Hulle studeer aldrie Onderwys en hul kry ongelooflik baie take wat baie geld kos, moet aldrie nog vervoer betaal en benodig ons nog fondse vir die ander twee wat nie beurse gekry het nie. Ons sal die jaar weer probeer vir ander beurse en vertrou dat die Here sal voorsien. Dankie aan elkeen wat al bygedra het vir die drietjies, op welke manier ookal, waardeer dit regtig baie!

Kaaptoer benodig:

Finansieël is so 'n toer altyd 'n groot uitdaging en benodig ons nog finansies maar ook die volgende:

1. **Mediese sakkie met voorraad vir die toer, enigiets van pleisters, salf, pynmedikasie, ens.**
2. **Wintersnagklere en pantoffels.**
3. **Onderklere en sokkies**
4. **Goeie tekkies**
5. **Warm fleesy tops en warm baadjies.**
6. **Jeans**
7. **T-hempies in verskillende kleure met hul name op wat ons spesiaal gaan laat print.**
8. **Sakgeld vir ons kinders**
9. **Huur van groot sleepwa**
10. **Beskuit**
11. **Lekkergoedpakkies ,opgemaak vir langs die pad.**
12. **Bussie**

Ons het minder as 3 maande oor om alles te kan kry en te kan betaal, dus indien jy in jou hart voel om enige donasie, hoe klein ookal te gee, sal dit regtig waardeer word. Die T-hemde moet gefinaliseer word want die persoon moet nog die hemde koop en print.

Bankbesonderhede:
Ki-Deo
ABSA rek no.: 10500 40654
Verw.: MSK-KH Toer
E-pos asb bewys na my: theresag@ki-deo.co.za

Onthou ons is 'n geregistreerde Welsynsorganisasie met die nodige NPO sowel as BEE (82%) sertifikate en kan ons 'n artikel 18A sertifikaat uitreik vir enige donasie ontvang!

Kontak my gerus vir enige navrae by 083 696 8600 of e-pos my!